HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 39 VAN 2021

15 September 2021

Geagte Ouer/Voog

Die kwartaal begin stadig einde se kant toe staan. Ons het tans 'n vol en besige program by die skool en dit sorg vir lekker opwinding waar ons weer 'n stukkie normaal kan beleef.

Ons leerders lewer mooi prestasies soos u kan sien op ons sosiale media-platforms en in die Randjienuus.

Dankie dat u die kinders ondersteun, vervoer en aanmoedig om deel te neem. Dit help dat hulle weer 'n geheelskoolervaring kan geniet. Ons wag in antisipasie om weer toeskouers by ons aktiwiteite te mag verwelkom. Dit sal ook vir die deelnemers baie beteken as hulle ouers teenwoordig is, om te ondersteun. Sodra ons mag, sal ons u dadelik in kennis stel en uitnooi.

Ons Matrieks skryf tans Rekordeksamen en ons wens is dat hierdie 'n goeie voorbereiding is vir die eindeksamen wat daarna volg. Ons bid hulle alle sterkte toe en hoop hulle lewer mooi prestasies.

Skoolsekuriteit

Ons primêre verantwoordelikheid is die veiligheid van die kinders en personeel binne die perseel. Daar is streng toegangskontrole en die terrein kan tydens die skooldag slegs op een plek betree word en dit is by ons hoofhek. Onder huidige Kovid-maatreëls word geen besoekers sonder afspraak toegelaat nie.

Die skool het 'n noodplan, toegangsbeheer en paniek-knoppies vir noodgevalle. Ons is in direkte verbinding met die SAPD en 'n privaat sekuriteitsmaatskappy vir noodbystand.

Ons hoofhek (B op skoolplan) word soggens vanaf 06:00 beman. Om 15:00 ruil ons wagte, en dan is daar weer 'n wag tot en met 19:00.

Die Rabiestraat-hek (E) en die voetgangerhek in Ashlaan (F) word vanaf 05:00 tot en met 09:00 beman. Die voetgangerhek word om 06:00 oopgesluit en om 08:00 gesluit. Hy word dan weer om 14:00 tot 15:00 oopgesluit. Daar sal in die toekoms vanaf 14:00 tot 15:00 'n wag by die Ashlaan-hek aan diens wees.

Ons verstaan ook dat ons wagte as afskrikmiddel voorkomend optree en nie gewapen is met vuurwapens en 'n mandaat om misdadigers aan te keer nie. Elkeen is in diens van die skool en het die kapasiteit om alarm te maak waarna ons die skool se gekontrakteerde reaksie-eenheid óf die polisie ontbied.

Ons versoek is dat ouers buiten die normale aankoms- en vertrektye sal reël dat leerders by die **hoofhek** op- en afgelaai word. Dit is ook wenslik dat sulke leerders **BINNE** die skoolterrein vir hulle ouers sal wag. Direk voor en na skool is daar baie ouers wat op- en aflaai en is die risiko van misdaad redelik beperk. Almal moet, soos by enige ander plek, waaksaam wees en baie bewus van omstandighede om hulle wees. As gemeenskap moet ons op hierdie manier na mekaar omsien. Ons dink veral aan die parkeerarea aan die oorkant van Malibongwe by die winkelsentrum.

Logies kan ons GEEN waarborge lewer nie en is dus daarop aangewese om redelike voorsorg te tref.

Kovid-19

Aangeheg vind u ons Kovid-tabel tot en met vandag. Ons is baie dankbaar dat ons Kovid positiewe syfer baie laag is en hoop dat dit so bly. Ons isolasie-gevalle het ook drasties afgeneem.
Die Departement van Onderwys vereis nou daaglikse statistiek van die skool oor jong mense van 18 jaar en ouer wat gevaksineer is. Indien enige van ons leerders van 18 jaar en ouer ingeënt word, versoek ons dat hulle dadelik die *Google Form* by https://forms.gle/sUtrYJeJMMebLM7e8 sal voltooi om ons rekords op datum te hou.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek																			
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo
Maand		Augustus					Augustus/September					September					Septemb		
Datum		23	24	25	26	27	30	31	1	2	3	6	7	8	9	10	13	14	15
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	21	21	22	22	22	22	22	22	22	22	22	22	22	22	22	22	22	22
	Herstel van Kovid-19	19	20	21	21	21	21	21	21	21	21	22	22	22	22	22	22	22	22
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**2**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	1	1	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	131	131	131	132	132	132	133	133	133	133	133	133	133	133	133	133	133	133
	Herstel van Kovid-19	121	122	122	126	127	131	131	131	131	131	132	132	132	132	133	133	133	133
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**10**	**9**	**9**	**6**	**5**	**1**	**2**	**2**	**2**	**2**	**1**	**1**	**1**	**1**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	8	5	4	4	5	3	1	1	1	3	0	1	1	3	3	2	3	2
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	2	3	1	3	3	2	2	2	3	2	2	0	1	2	0	2	1
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	152	152	153	154	154	154	155	155	155	155	155	155	155	155	155	155	155	155
	Herstel van Kovid-19	140	142	143	147	148	152	152	152	152	152	154	154	154	154	155	155	155	155
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**12**	**10**	**10**	**7**	**6**	**2**	**3**	**3**	**3**	**3**	**1**	**1**	**1**	**1**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	8	5	4	4	5	3	1	1	1	3	0	1	2	4	4	2	3	2
	Komorbiditeit afwesig	0	2	3	1	3	3	2	2	2	3	2	2	0	1	2	0	2	1

Randburg Nuus Agentskap (RNA)

Ons tweede nuusuitsending het Dinsdagoggend plaasgevind. Die projek word positief ontvang aangesien dit informatief inligting aan al die leerders deurgee en weer sorg vir opwinding oor dit wat ons leerders doen. Randjie-TROTS herleef weer.

Beheerliggaam

Ons BL het die begrotingsvoorstel vir 2022 gefinaliseer. Ons skool se netto kontantposisie is baie positief en groot dank aan al die ouers wat getrou hul skoolgelde betaal. U stel die BL in staat om steeds 'n kwaliteit diens te lewer wat sonder u bydrae onmoontlik sou gewees het.
Die Algemene Jaarvergadering vir die ouers van Hoërskool Randburg is vir 25 Oktober 2021 geskeduleer. By hierdie geleentheid sal die begroting vir 2022 en die gepaardgaande skoolgeld-voorstel aan u voorgehou word. Reserveer asb. die datum om aan die gesprek deel te neem. U bydrae word by voorbaat waardeer.

Nasionale Seniorsertifikaat Eksamen 2021.

Ons het vanoggend 'n gewysigde Eindeksamenrooster (vir graad 12) ontvang wat die geskeduleerde plaaslike regering se verkiesingsdatum beskikbaar stel vir kandidate van 18 jaar en ouer om te kan gaan stem. Ons moedig graag al die stemgeregtigdes aan om op die verkiesingsdag hul demokratiese plig na te kom en te gaan stem. Sien rooster op bladsy 3.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL SENIOR CERTIFICATE (NSC)
OCTOBER/NOVEMBER 2021 EXAMINATIONS TIMETABLE

	09:00
Monday, 6 September	**Life Orientation (LO CAT) (2.5hrs)**
Tuesday 19 October	Computer Applications Tech P1 (3hrs) Practical
Wednesday 20 October	Information Technology P1 (3hrs) Practical
16 August to 15 October	Performing Arts Practical
11 October to 22 October	Visual Arts and Design Practical

WEEK 1	**09:00**	**14:00**
Wednesday 27/10	English HL P1 (2hrs) English FAL P1 (2hrs) English SAL P1 (2hrs)	Hindi, Gujarati, Tamil, Telegu, Urdu HL P1 (2hrs) Hindi, Gujarati, Tamil, Telegu, Urdu FAL P1 (2hrs) Hindi, Gujarati, Tamil, Telegu, Urdu SAL P1 (2hrs) Hebrew SAL P1 (2hrs) German HL, SAL P1 (2hrs)
Thursday 28/10	Business Studies P1 (2hrs)	Arabic, French, Italian, Mandarin, Modern Greek, Serbian, Spanish SAL P1 (2hrs) Latin SAL P1 (3hrs) Portuguese HL, FAL, SAL P1 (2hrs)
Wednesday 03/11	Afrikaans HL P1 (2hrs) Afrikaans FAL P1 (2hrs) Afrikaans SAL P1 (2hrs)	Hindi, Gujarati, Tamil, Telegu, Urdu HL P2 (2½hrs) Hindi, Gujarati, Tamil, Telegu, Urdu FAL P2 (2hrs) Hindi, Gujarati, Tamil, Telegu, Urdu SAL P2 (2hrs) Hebrew SAL P2 (2hrs) German HL P2 (2½hrs), SAL P2 (2hrs)
Thursday 04/11	**RELIGIOUS HOLIDAY**	
Friday 05/11	Mathematics P1 (3hrs) Mathematical Literacy P1 (3hrs) Technical Mathematics P1 (3hrs)	Arabic, French, Italian, Mandarin, Modern Greek, Serbian, Spanish SAL P2 (2hrs) Latin SAL P2 (1½hrs) Portuguese HL P2 (2½hrs), FAL, SAL P2 (2hr) Equine Studies (3hrs) Maritime Economics (3hrs)
WEEK 2	**09:00**	**14:00**
Monday 08/11	Mathematics P2 (3hrs) Mathematical Literacy P2 (3hrs) Technical Mathematics P2 (3hrs)	Religion Studies P1 (2hrs)
Tuesday 09/11	Economics P1 (2hrs)	Hindi, Gujarati, Tamil, Telegu, Urdu HL P3 (2½hrs), FAL P3 (2½hrs) Portuguese, German HL P3 (2½hrs) Portuguese FAL P3 (2½hrs) Marine Sciences P1 (2½hrs)
Wednesday 10/11	Business Studies P2 (2hrs)	Engineering Graphics and Design P1 (3hrs)
Thursday 11/11	Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda HL P1 (2hrs), FAL P1 (2hrs), SAL P1 (2hrs) isiZulu, isiXhosa, Siswati, isiNdebele HL P1 (2hrs), FAL P1 (2hrs), SAL P1 (2hrs) South African Sign Language HL P1 (2hrs)	Geography (Climate and Weather, Geomorphology and Mapwork) P1 (3hrs)
Friday 12/11	Physical Sciences (Physics) P1 (3hrs) Technical Sciences P1 (3hrs)	History P1 (3hrs)
WEEK 3	**09:00**	**14:00**
Monday 15/11	Physical Sciences (Chemistry) P2 (3hrs) Technical Sciences P2 (1½hrs)	Engineering Graphics and Design P2 (3hrs)
Tuesday 16/11	English HL P2 (2½hrs) English FAL P2 (2½hrs) English SAL P2 (1½hrs)	Civil Technology (3hrs)

Wednesday 17/11	Accounting P1 (2hrs)	Geography (Rural and Urban Settlement, Economic Geomorphology of SA and Map work) P2 (3hrs)
Thursday 18/11	Economics P2 (2hrs)	Visual Arts (3hrs)
Friday 19/11	Life Sciences P1 (2½hrs)	Design (3hrs)
WEEK 4	**09:00**	**14:00**
Monday 22/11	Life Sciences P2 (2½hrs)	Electrical Technology (3hrs)
Tuesday 23/11	Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda HL P2 (2½hrs) FAL (2½hrs) SAL P2 (1½hrs) South African Sign Language HL P2 (2½hrs) isiZulu, isiXhosa, Siswati, isiNdebele HL P2 (2½hrs), FAL P2 (2½hrs), SAL P2 (1½hrs)	History P2 (3hrs) Marine Sciences P2 (2½hrs)
Wednesday 24/11	Accounting P2 (2hrs)	Mechanical Technology (3hrs)
Thursday 25/11	Afrikaans HL P2 (2½hrs) Afrikaans FAL P2 (2½hrs) Afrikaans SAL P2 (1½hrs)	Religion Studies P2 (2hrs)
Friday 26/11	Agricultural Sciences P1 (2½hrs) Nautical Science P1 (3hrs) Sport and Exercise Science (3hrs)	Computer Applications Tech P2 (Theory) (3hrs)
WEEK 5	**09:00**	**14:00**
Monday 29/11	English HL P3 (3hrs) English FAL P3 (2½hrs) English SAL P3 (2½hrs)	Tourism (3hrs)
Tuesday 30/11	Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda HL P3 (3hrs), FAL, SAL P3 (2½hrs) isiZulu, isiXhosa, Siswati, isiNdebele HL P3 (3hrs), FAL, SAL P3 (2½hrs) South African Sign Language HL P3 (3hrs)	Information Technology P2 (Theory) (3hrs)
Wednesday 01/12	Afrikaans HL P3 (3hrs) Afrikaans FAL P3 (2½hrs) Afrikaans SAL P3 (2½hrs)	Consumer Studies (3hrs) Hospitality Studies (3hrs)
Thursday 02/12	Agricultural Sciences P2 (2½hrs) Nautical Science P2 (3hrs)	Music P1 Theory (3hrs)
Friday 03/12	Dramatic Arts (3hrs)	Agricultural Management Practices (3hrs)
WEEK 6	**09:00**	**14:00**
Monday 06/12	Dance Studies (3hrs)	Agricultural Technology (3hrs) Music P2 Comprehension (1½hrs)
Tuesday 07/12	**IT and CAT rewrite**	

Baie dankie vir almal se volgehoue ondersteuning van ons skool. Elkeen sy bydrae, hoe gering ook al, maak 'n verskil. As 'n span kan ons 'n uitstaande produk lewer waarop elkeen van ons kan TROTS wees. Dit is dan ook ons wens dat elke ouer, onderwyser en leerder elke dag een klein ding sal doen wat betekenis gee aan die konsep van kollektiewe inset wat daadwerklik die sisteem op 'n nog hoër vlak sal laat funksioneer.

Hoërskool Randburg is ons almal se skool. Kom ONS maak hom die beste wat hy kan wees. Ons kinders verdien immers die beste.

Groetnis.

P Booysen: Hoof